Wat was die posisie daar gewees? ---Oral langs die strate het groepies Naturelle gestaan, en die straat was baie vol klippe en bakstene en goed.

Het u enige moeilikheid gehad, toe u daarlangs ry? --- Nie daarlangs nie.

Het u enige Polisie in die straat gesien? --- Ek het nie daar Polisie gesien nie.

Die groepies wat u raakgehoop het, het hulle bloot daar gestaan, of was hulle besig om in een of ander rigting te loop? --- Ek het hulle net gesien staan. Sommige het rondgehoop, maar ek het hulle nie definitief in 'n rigting gesien loop nie.

Het hulle enige notisie geneem van julle voertuig? ---Hulle het net geskree, maar ek kon nie hoor wat geskree word nie.

Dit was eers toe julle nou naby Sharpeville Polisiestasie kom, dat dit toe moeilik was om ...? --- Dit is reg.

Of u nou tienuur of half-elf of elfuur daar gekom het, maar van toe tot eenuur, wanneer jy eekal daar aangekom het - van daardie tyd tot 1.30, het u te enige tyd saam met die ander enige opdrag gekry oor hoe u moes optree in enige bepaalde gebeurlikheid? --- Nee.

Het u bloot net daar gestaan en wag? ---Ons het gestaan en wag vir versterkings.

Het u inligting gehad dat versterkings aan kom is? --- Dit was die algemene praatjie daar onder die manne.

Het jy al ooit vantevore jou stengeweer gebruik in soortgelyke omstandighede? ---Nog nooit nie.

Het jy dit net gebruik by wyse van oefening?

---Ja.

Die bevel was gegee om aan te tree? ---Ja.

Vir sover jy kon oordeel, op daardie tydstip was daar enige noodsaaklikheid gewees vir so'n opdrag?

--- Ek dink so.

Waarin het die noodsaaklikheid vir jou bestaan?

---Omdat die Naturelle het almeer aggressief geword, die lawaai het groter geword, en hulle het kieres geswaai en vuiste gewys; hulle het gespoeg na ons.

Het hulle dit nie vroeër die dag gedoen nie?

---Nie so baie nie. Dit het meer gelyk asof hulle hulleself net opswiep.

Het jy ooit enige persoon gesien wat binne-in die Polisieterrein geloop het, dit wil sê iemand behalwe Polisie-amptenare? ---Ja.

Wanneer was dit? --- Ek het opgemerk - dit was 'n hele tydjie nadat ons daar gekom het. Dit was taamlik laat. Ek weet nie presies hoe laat nie.

Wat het van die persoon geword? ---Kol. Spengler het hom gearresteer.

Was dit nou die persoon wat gearresteer is kort voor die skietery, of was dit 'n ander persoon waarna jy verwys? --- Dit is die persoon wat ek gesien het, wat kol. Spengler gearresteer het.

Waar het jy hom vir die eerste maal opgelet?

--- Dit was taamlik lank nadat ek daar gekom het.

Sê ongeveer half-twaalf, miskien, of later.

Wat het die persoon gedoen? ---Hy het voor hulle op-en-af langs die draad geloop en sy arms gestraal

en vir hulle só gewys - dit het gelyk asof hy hulle nader wink.

Het ander woorde, hy het albei sy arms geswaai asof hy persone wink? ---Ja.

Wat was die reaksie van die Bantoes wat daar aanwesig was? ---Hulle het uithundig geskree, duims opgesteek en geskree "Afrika!"

Jy sê dit is dieselfde persoon wat later deur kol. Spengler gearresteer was? --- Dit is reg.

Die skietery, het dit met enkelskote begin, of het dit met 'n sarsie begin? Kan u onthou? --- Sover ek kan onthou, het dit met enkelskote begin.

Waar, volgens u oordeel, het daardie enkelskote vandaan gekom? --- Ek kan nie onthou waar dit was, links of regs van my nie.

Waar u sê u het geskiet kort na die ander begin skiet het, reken u dit van die tyd dat u die enkelskote gehoor het, of vandat die sarsie begin het? ---Nadat die enkelskote begin het.

Dit is van daardie tyd af dat u binne die gedeelte van 'n sekond geskiet het? ---Moontlik.

Nadat die skietery geheel-en-al gestaak is, wat was die toneel wat u voor u gesien het - nie later, toe u uitgeloop het nie; maar sover u moontlik kan, op daardie oomblik dat die skietery gestaak is, wat het u voor u gesien - waar u oekal gekyk het, na die kante? --- Ek het na die linkerkant gekyk, want daar het geweldig baie in die straat gels, sommige opnekaar, en hulle het ewe skielik opgespring en begin weghardloop; 'n hele klomp Naturelle wat net platgeval het, het weggehardloop.

Is daar op hulle gevuur? ---Nee. Nie sover ek kan onthou nie.

Ek sou ook graag, as u my getuigenis daaroor kon gee, probeer vasstel, waar het die meerderheid van die beseerdes en die wat gedood is, gelê? ---Sover ek onthou, het die meeste aan die linkerkant van die hek gelê - voor die hek, en links van die hek af, Suid van die hek, aan die Westekant.

As u weer na Bewysstuk "B" kyk: U sien die gedeelte straat aan die Westekant van die Polisiestasie?

---Ja.

Wat op Bewysstuk "B" aangetoon word. U sê dit was Suid van die hek? ---Nee, dit was hierdie kant van die hek - as u Wes kyk, links van die hek.

Die meerderheid van hulle, het hulle nog in die deel gelê wat direk voor die Polisieterrein was, met ander woorde, as 'n mens die Polisieheining sou verlang, dwarsoor hierdie straat aan die Westekant, sou hulle nog aan daardie deel van die straat gewees het, of sou hulle al verby gewees het; met ander woorde, in die verlenging van hierdie Zwane-straat - ken u Zwane-straat? Dit is die straat aan die Suidekant? --- Ek ken dit nie, maar die meeste het gelê, sover ek kan onthou, reg voor die streok wat nog voor die heining is.

Wat nog voor die Westelike heining van die Polisiestasie is? ---Ja.

En as u nou neem die posisie aan die Noordekant van die hek, wat het u daar gesien? --- Daar het ook dooies en gewondes gelê.

Maar vergeleke by die posisie aan die Suidekant

van die hek, hoe sou u dit stel? Min of meer dieselfde? Was daar meer; Was daar minder? --- Ek dink daar was minder, soos ek dit nou so onthou; dit is in my gedagte daar het meer geld aan die regterkant, as regs.

Dit is natuurlik waar u gestaan het, aan die regterkant? --- Ja.

En dit sou aanvanklik, in elk geval, nader aan u gewees het. Soos u opgelet het, hoe ver weg ontrent was die verste persone wat daar geld het - of hulle sou gedood was, of gewond was? Kyk, was hulle ook nog almal direk voor die Westelike heining, of het hulle uit geld, meer na die Noordekant-toe, in die rigting van hierdie pad wat na daardie blok winkels gegaan het, en die grasperk wat daar as 'n donker kol aangedui word; waar het die mense geld? --- Daar het mense geld, verderop, in die gras, daar.

Die gras wat ...? --- Aan die Noordekant; en links het ook 'n gewonde persoon geld, die straat wat hier opgaan, Zwanestraat. 'n Endjie van die hoek af, het ook 'n gewonde geld. Maar ek het nie gaan kyk nie. Ek was net reg voor, aan die linkerkant van die straat. Daar het ek ontrent die hele tyd gehelp met gewondes, en so aan.

Jy weet nie hoe ver het die verste persoon geld wat óf gedood of verwond was nie? --- Nee.

Jy het nie so opgelet nie? --- Nee.

MR. KENTRIDGE (THROUGH THE CHAIRMAN): Sergt. Oosthuizen, do you see the field to the North-West of the Police Station? --- Ja.

That is the dark area. Did you look in that field - opposite the shops? --- Ek het soekantoe gekyk.

J. OOSTHUIZEN
Deurdie Voorsitter,
S.J. V.d. BERG
Hoofgetuigde.

And you saw bodies and wounded in that field?

--- Ek het hulle daar sien lê.

Now, I just want to ask you something about when you arrived. Do you see that street on the side, that is Zwane Street? ---Ja.

Now, just look at that street. You will see that it is a big, wide street; you may remember it. There is an island down the middle? ---Ja.

When you arrived, was that street full of people; were they standing in the street, or were they only standing on the island and the sidewalk. In other words, was that street blocked with people when you arrived? --- Hulle het op die sypaadjie gestaan, tot binne-in die straat, maar nie die straat vol nie. Hulle het oor die straat geloop, ens., maar hulle het nie dwarsoor die straat, die hele straat geblok nie.

BARNEB JAKOBUS VAN DER BERG, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. OLAASSEN: Jy is 'n sersant in die Suid-Afrikaanse Polisie/stasioneer te Sandown, Johannesburg? --- Dit is reg.

Op die 21e Maart van hierdie jaar, is jy per troepedraer na Sharpeville-lokasie? --- Dit is reg.

Was jy in bevel van ...? --- Ek was in bevel van die troepedraer.

Hoe laat het julle by Sharpeville aangekom? --- Ek skat ongeveer 11-uur die oggend.

Ken jy vir sers. Oosthuizen? ---Ja; ek ken hom.

Van Moreka: --- Ek ken hom.

---Het---

Het jy hom gesien die dag, daar? --- Ek het hom gesien, ja.

Was hy daar toe jy daar gekom het, of het hy na jou daar gekom? --- Nee, ek weet nie. Ek het hom daardie tyd nie geken nie. Ek het hom maar van daardie dag af leer ken.

Toe julle by die lokasiehek ingaan, wat was die toestand wat jy daar gevind het? --- Daar het 'n klompie Polisiebeamptes binnekant die omheining gestaan, en ongeveer 15,000 na 20,000 Bantoes, buitekant die Polisieostasie, agter die omheining.

Jy praat nou van die Polisieostasie; ja, gaan daar aan? --- Ek het met die troepedraer die agterplaas binnegegaan en dit parkeer tussen die draad en die Polisieostasie.

Aan die Westekant van die Polisieostasie? --- Ek sou af die Suid-Westelike kant.

Is dit op 'n hoek? --- Op 'n hoek.

Waar jy parkeer het? --- Dit is reg.

En het jy enige moeilikheid gehad om in te kom by die hek? --- Nee.

Wat was die houding van die skare toe jy inkom? --- Hulle het padgegee vir die troepedraer toe dit by die hek ingekom het.

Het jy enige wapens by hulle gesien? --- Nee.

Was hulle stil gewees? --- Hulle was stil, ja.

Voordat jy by die Polisieostasie gekom het, het jy ook Bantoes telgeken? --- Ja; ek het etlike duisende in die straat van Vereniging, wat by die lokasie ingaan - ek weet nie wat die straat se naam is nie - in

die teerstraat langs die pad teëgekem.

Was hulle langs die pad, of binne-in die straat? ---Binne, en langs die pad.

By die Polisie-deure ook? --- Nie sover ek kan onthou nie.

Het jy enige moeilikheid gehad om deur te kom, tussen die skare? ---Nee; ek het geen moeilikheid gehad om deur te kom nie.

Het jy daar op die Polisie-terrein gebly totdat die skietery plaasgevind het? --- Ek het daar gebly.

Jy was ook daar toe kol. Spengler en kol. Pienaar daar aangekom het? --- Ek was daar.

Tot op daardie stadium dat hulle daar aangekom het, wat was die houding van die skare? --- Die skare het sedertdien al hoe meer vermeerder; vanaf ongeveer 11 v.m. tot ongeveer half-twee het hulle geleidelik vermeerder, tot om ek skat ongeveer half-twee, 25,000. 'n Bantoe-persoon het tussen die skare en die draad ingedruk en hy het ook aan die binnekant van die draad geloop. Hy het gepraat. Ek weet nie wat hy gepraat het nie. Hy het in Bantoe-taal gepraat. Die skare het kort-kort uitroepe geskree, en partykeer het hulle gesing.

Wat was die uitroepe? --- Hulle het geskree "Afrika!", en hande in die lug.

Enigiets anders? ---Ja; kort nadat ek ingekom het, het ek uit die troepedraer uitgeklim en toe het hulle 'n paar keer geskree, "For fifty years we have suffered!" Een Bantoe-vrou het geskree, ook omtrent dieselfde tyd, "Cato Manor!" Dit is omtrent al.

Dit is die tyd toe jy daar gekom het, toe jy uitgeklim het uit die troepedraer? ---Het toe ek uitgeklim het uit die troepedraer. Agterna het ek nog baiekeer gehoor dat hulle skree "Afrika!" maar ek het nie die ander uitroep weer gehoor nie.

Die uitroep, "Gato Manori!" het jy net van die een Bantoevrou gehoor? --- Dit was 'n Bantoevrou. Ek vermoed dat dit sy is. Sy het naby die draad gestaan en haar lande in die lug gesteek, en gespring. Ek vermoed dit is sy wat geskree het. Dit het vir my geblykasof dit sy is.

Vandat jy daar aangekom het, omstreeks 11-uur, totdat kol. Pienaar aangekom het - sê vir my eers: Hoe laat het hy omtrent gekom? --- Wel, dit was ongeveer twintig oor een, dink ek.

Hoe lank was hy daar voor die skietery plaasgevind het? --- Is dit nou kol. Pienaar, of kol. Spengler?

Laat ons ons bepaal by kol. Pienaar? --- Wel, dit was 'n paar sekondes voor die skietery.

En kolonel Spengler? --- Ek weet nie hoe laat hy gekom het nie. Ek ken hom nie. Ek het hom maar later daar gesien, en toe het hulle vir my gesê dit is kol. Spengler.

Het jy gesien dat iemand 'n arrestasie uitvoer, daar? ---Ja.

Hoe laat was dit, omtrent? ---Ongeveer 'n paar sekondes voor die skietery - net nadat kol. Pienaar daar aangekom het.

So jys omtrent 2½ uur daar op die terrein

--- voor ---

voor die skietery plaasgevind het? --- Dit is reg.

En volgens wat jy aan ons vertel het, was die skare redelik stil toe jy ingekom het? --- Halle was redelik stil.

Het daardie toestand voortgeduur, of het dit verander? ---Nee, dit het baie vererger die tyd toe kol. Pienaar daar aangekom het.

Kan jy enige rede daarvoor sion? ---Ja. Het voordat hy by die hek ingekom het, het hulle sy voertuig, die motor waarin hy gesis het, net stokke geslaan. Toe hy binne was, het van die Polisie-beamptes probeer om die hek toe te maak. Halle het egter by die hek ingebars, die Bantoes. Ek het toe na die troepdraer gegaan, en die patroonband in die masjiengeweer gesit.

Het jy 'n masjiengeweer gehad? --- Dit is gemonteer op die troepdraer.

Het dit daar gebly al die tyd? --- Terwyl ek besig was om die band in die masjiengeweer te sit, het ek 'n sarsie skote gehoor.

Voordat ons daarmee aangaan; wat het geword van die mense wat daar ingebars het, by die hek? --- Ek weet nie. Ek het na die troepdraer gegaan en ek kon niks meer sien nie, want die was toe en jy kan nie van binne die troepdraer, na buite sien nie.

Het voordat kol. Pienaar daar aangekom het, was die stemming van die skare anders as toe jy daar gekom het, om 11-uur? ---Ja; ek dink dit was 'n bietjie anders.

Ek dink dit is nou heeltemal afgesien van wat hulle gedoen het toe kol. Pienaar by die hek ingekom het?

---Ja. Hulle het vir my meer opstandig gelyk, as die oggend 11-uur, toe ek daar aangekom het.

Wat het jou die indruk gegee? ---Hulle het meer rondbeweeg, en hulle het vas teenaan die draad gelê, terwyl hulle die oggend 11-uur nie so na-aan die draad gewes het nie. Hulle het telkens tot op die draad gekom en weer padgegee; maar hulle het baie saangeblok, en vinnig - die draad het ook begin meeges soos hulle gedruk het. Hulle het ook meer heen-en-weer beweeg, nie so stilgestaan soos die oggend vroeg nie. Daaraan het ek geseen hulle was meer oproerig as die oggend 11-uur.

En die arrestasie wat daar gemaak was, het dit enige effek gehad op die skare? ---Nee; ek sal nie kan sê nie.

Het jy net een arrestasie gesien? --- Ek het net een arrestasie gesien.

Jy weet nie deur wie dit gemaak was nie? --- Nee.

DIE VOORSITTER: Toe die arrestasie waarna u nou verwys, uitgevoer is, wat was die posisie van die manne op die terrein self - die Polisionarmanne? --- Die Polisionarmanne het almal stilgestaan in hulle posisies.

Maar was hulle toe in 'n linie gevorm, of was hulle nog nie in 'n linie gevorm nie? --- Nee; hulle was nie in 'n linie gevorm nie. Hulle het slegs net rondgestaan.

Die arrestasie waarna u nou verwys, wanneer is dit uitgevoer - toe die manne so rondgestaan het, of voor, of na hulle in die linie opgestel is? --- Dit was voor hulle in 'n linie opgestel is.

En is dit toe dat u na die troepedraer gegaan het? — Dit was ongeveer dieselfde tyd.

Weet u enigiets van 'n bevel dat mense moes aantree? — Ja.

Het u dit gehoor? — Ek het dit gehoor.

Waar was u toe gewees? — Ek was op pad na die troepedraer. Ek was reeds by hom, ontrent, gewees. Ek was besig ontrent om in te klim.

Het u enige ander bevel daarna gehoor? — Nee.

- VERDAAG: 11.15 v.m. -

- HERVAT: 11.30 v.m. -

BAKEND JAKOMES VAN DER BERG, nog onder eed:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN HERVAT: Sersant, ek dink ons was op die stadium voor die skietery. Die troepedraer wat u van praat, is dit 'n saracen? — Dit is 'n saracen, ja.

Word dit ook 'n troepedraer genoem? — Ja; dit is die regte naam - 'n troepedraer.

Die wa wat boer en langs die kante met draad gespan is vir beskerming, wat noem julle dit? — Ons noem dit spruktrekke.

DIE VOORSITTER: Weet u die Engelse term? — Nee, ek kan nie sê nie.

VERHOOR HERVAT: So, dus, u het gegaan na die saracen? — Dit is reg.

Wan u die stangeweer bo-op die saracen opstel, of wat? — Die Browning, masjiengeweer wat monteer is op die saracen.

Sou jy dit gewerk het? ---Ja; ek was in bevel van die voertuig, en dan ook die masjiengeweer wat gemonteer is op die voertuig.

Het jy skote gevuur? ---Nee.

Het jy niks gevuur nie? --- Nee.

Maar as jy sou gevuur het, sou jy met die Browning gevuur het? --- As ek sou gevuur het, sou ek met die Browning gevuur het.

Wanneer jy met die Browning sou vuur, kan ander persone dan ook nog bo-op die saracen staan met 'n stengeweer? --- Ja; hy kan staan, maar dit is natuurlik baie gevaarlik, want met die Browning masjiengeweer kan ek reg rondom die saracen vuur, en in daardie geval sal dit doodlik wees vir 'n man wat bo-op die saracen staan.

Het jy tydens die skietery ^{persone} persoonlik/bo-op die saracens gesien met 'n stengeweer? ---Nee.

DIE VOORSITTER: Gestel daar sou mense gestaan het, kon jy hulle sien? --- Dit is moontlik; maar dit kan ook moontlik wees dat daar iemand gestaan het wat ek nie kon gesien het nie.

VERHOOR HERVAT: Jou saracen was opgestel, so ek jou reg verstaan het, op die Suid-Oostelike hoek van die Polisieterrein? ---Nee die Suid-Westelike hoek; dit is aan die Westekant - op die Suidelike hoek, aan die Westekant.

DIE VOORSITTER: Kan u met na Dewyastak "B" kyk, dan kan u met seker maak (getuie teen aan). Ja, dit is die Suid-Westelike hoek van die Polisieterrein. In watter rigting het u voertuig gewys? --- Die voertuig

se voorkant was in die rigting van die skare, op die hoek van die draadomheining.

Die skare aan die Westekant van die Polisiestatie? --- Dit het skuins gestaan, met die voorkant in 'n Suid-Westelike rigting, op die hoek van die Polisiestatie.

En was daardie saracem die enigste saracem wat aan die Suidelike kant was van die paadjie wat lei van die hek na die binneterrein van die Polisiestatie, of was daar nog 'n ander een ook daar? --- Ek dink dit was die enigste een gewes. Daar mag ander gewes het, wat hulle getrek het, wat ek nie gesien het nie. Ek kan nie mooi onthou nie. Ek kan ook nie mooi onthou hoeveel saracems daar was die tyd toe die skietery plaasgevind het. Ek dink daar was drie of vier.

Was daar 'n offisier in bevel van die saracem, wat jy sou hanteer? --- Ja; kapt. v.d. Linde was in bevel. Ons het saam vanaf Johannesburg gekom, en toe ek die Polisiestatie te Sharpeville binnegegaan het, het hulle vertrek na 'n ander plek, vermoedelik ander plekke in die lokasie, en ek het alleen agtergebly.

VERHOOR HERVAT: Ek verstaan nou van jou dat jy onder sy bevel gekom het vanaf Johannesburg? --- Dit is so.

Het hoeveel saracems? --- Daar was twee wat na Sharpeville gekom het.

En altwee die saracems het deur die hek gekom, op die Polisieterrein, of het die een weer vertrek? --- Kort nadat ons daar gekom het, het die een weer vertrek.

En het kapt. v.d. Linde die saracen opgestel soos dit daar gestaan het? ---Nee, ek het dit self opgestel.

Onder sy bevel? ---Nee. Onder niemand se bevel nie. Hy het gesê ek moet dit opstel, toe het ek dit self opgestel.

Is dit op die Suidwestelike hoek van die Polisiestasie as sulks dat jy dit opgestel het, of op die hoek, by die draad? --- Dit was tussen die draad en die hoek van die Polisiestasie.

Dit is omtrent halfpad? --- Omtrent halfpad.

En as u daardie Browning-geweer sou hanteer het, na watter kant sou dit gerig gewees het; na die hoek, of na die Westekant? ---Nee, ek kan dit natuurlik na enige kant draai waar ek wil. Die hele omgewing kon ek gedek het, vanwaar dit gestaan het.

Tydens die skietery, waar het die ander saracens gestaan? --- Halle het meer na die Noordekant van sy gestaan.

Was jy alleen aan die Suidkant? --- Aan die Suidkant, ja.

En tydens die skietery, waar was jy; binne-in, of bo-op? --- Ek was binne-in.

Kon jy nie sien wat aangaan nie? --- Jy kan uitkyk; daar is gate waardeur jy kan kyk.

Hoe sou jy nou weet wanneer om te skiet? --- Jy kan sien. Daar is plekke waardeur jy kan sien, en dit is wenslik - daar is 'n venster waardeur jy kan sien, en dan kyk jy daardeur; jy kan die omgewing goed sien.

Dit neem ek aan; maar sou jy 'n bevel kon gehoor het, of sou hulle na die saracen moes kom en vir

my'n bevel te gee.

DIE VOORSITTER: Ek is nie heeltemal duidelik nie. U het na die saracen gegaan, en u het 'n band patrone in die masjiengeweer gelaai? --- Dit is reg.

Wat is die gebruikelike opdrag? In watter omstandighede sou u nou gebruik maak van die Browning? --- Die Browning is 'n baie gevaarlike masjiengeweer. Ek sou alleen van die Browning gebruik maak as ek sien dat die skare die massa corrompel.

Maar sou dit nou van u eie diskresie afhang, of sou daar 'n bevel moet uitgaan van 'n offisiert? --- Ja, ons bevel is dat 'n Polisiebeampte met die rang van kaptein of hoër, moet aan jou bevel gee om te vuur. Natuurlik, by voorbeeld, as my manne aangeval word en daar is nie 'n kaptein beskikbaar nie, dan sal ek self vuur.

VERHOOR HERVAT: Wat is die minimum-afstand wat hy gebruik kan word? --- Wel, ek het 'n kursus op die Browning masjiengeweer gelaai, en ek het gehoor hy is doodlik op drie myl.

Wat is die meeste wat jy hom kan gebruik? --- 'n Paar treë.

Hooveel treë? --- Wel, ek sou reken onttrent vyf tot ses treë, voor die voertuig.

DIE VOORSITTER: Kan jy hom op, of af stel? --- Op en af, en in die rondte.

VERHOOR HERVAT: Wanneer het jy gegaan en die geweer te gaan laai? --- Kort nadat kol. Pienaar by die hek ingekom het.

--- Was ---

Was dit nadat die manskappe in gelid opgestel was, of voor dit? ---Nee; ek was by die voertuig, toe het ek gehoor dat iemand 'n bevel gee dat die manne moet aantree. Toe was ek alreeds op pad na die troepdraer.

Toe het jy nog nie gelaai nie? --- Toe het ek nog nie gelaai nie. Ek was toe op pad om te gaan laai.

DIE VOORSITTER: Wat het jou laat besluit op daardie tydstip om die Browning te gaan laai? Het jy enige opdrag gekry? ---Nee, ek het nie opdrag gekry nie. Maar ek het verwag dat daar moeilikheid gaan kom - ek het gesien aan die houding van die skare lantoes. Ek het verwag dat daar enige oomblik nou geskiet gaan word, dat hulle miskien gaan aanval. Ek het dadelik daaraan gedink om 'n patroonband in die masjiengeweer te sit, as ek dit miskien sou nodig kry.

Wat was jou voorneme; om binne in die saracen te bly, by die masjiengeweer of om weer, nadat u die band ingelaai het, uit te kom, buitekant? --- Ek wou daar bly totdat alle gevaar oor was.

DIE VERHOOR HERVAT: Wat was die gevaar wat jy gesien het? --- Ek het maar net gesien hulle strom by die hek in. Voorheen, toe ek ingekom het, ongeveer 11-uur, het ek geen moeite ondervind om in te kom nie want hulle het padgegee vir my, sodat ek kon deurkom met die troepdraer. Maar dit was nie die geval toe kol.Pienaar daar aangekom het nie. Daarom - dit het vir my gelyk soos hulle al nader dring, en hulle het ook op die draad galeun. Nou,

as die draad ongeruk was, as dit miskien ongeval het, sou daar niks gewees het om hulle te keer nie.

Enigiets anders? U het nou genoem die Bantoes wat daar ingestom het by die hek, en die moontlikheid dat die draad ongedruk sou word. Is dit al? --- Ek het niks verder om te verklaar nie.

Het u enige wapens gesien, op daardie tydstip? ---Ja, ontrent al die Polisie het wapens gehad.

Ne, ek bedoel die skare?---Ne; ek het geen wapens gesien nie - behalwe die stokke wat hulle op die motor waarnes het. Pienaar gereis het, geelaan het.

Die uitsig wat jy gehad het, het dit ook die Polisie gedek; kon jy sien wat daar aangaan? --- Ek kan nie presies sien nie.

Vir hoe lank het hulle geskiet - by benadering? --- Ek sou sê ongeveer tien sekondes.

Het jy gedink dat daar enige noodigheid was om te skiet? --- Ne; ek het uitgekyk en ek het gesien dat die Bantoes besig was om te retireer. Ek het geen noodigheid gesien om my wapen te gebruik nie.

Ne; het jy enige noodigheid gesien vir die ander Polisie wat wel geskiet het, om te skiet? ---Ne.

Laat my nou mooi verstaan wat jy bedoel!
Bedoel jy dat hulle nie nees geskiet het nie, of bedoel jy dat jy nie die rede kon sien nie, of wat? --- Die tyd toe ek na my voertuig gelaap het en ingeklim het, het ek nie die noodigheid gesien om op daardie stadium op die skare te vuur nie. Van die tyd dat ek in my voertuig ingeklim het, totdat hulle begin skiet het, het ek niks gesien nie. Daarom reken ek, sal ek nie kan sê dat dit nodig was of nie.

DIE VOORSITTER: Min of meer hoe lank was jy in jou voertuig gewees voordat die eerste skote geklap het? Sekondes, minute? ---Nee, dit was sekondes.

VERHOOR HENVAT: Hoe het die skietery begin; met 'n hele aantal skote gelyktydig, of was daar enkel skote eers gewees? --- Daar was twee enkelakote wat ek gehoor het, en omtrent onmiddellik daarna het ek die eerste skote gehoor.

Kon jy uitmaak vanwaar daardie twee enkel skote kom? --- Dit is baie moeilik; maar dit was omtrent in dieselfde rigting as wat die eerste skote vandaan gekom het.

Het jy enige klipgoelery gesien? ---Nee; ek het geen klipgoelery gesien nie.

Sou jy dit gesien het as daar klippe gegooi was? ---Nee, dit is nie noodwendig dat ek dit sou gesien het nie. Miskien was my rug gedraai na die kant waar klippe gegooi was.

As daar klippe gegooi was, en jy het dit nie gesien nie, waarom sou jy dit toeskryf? --- Wel, ek kon miskien net weggekyk het, in 'n ander rigting gekyk het.

Heen jy terwyl jy nog op die grond was, of terwyl jy binne-in die saracaan was? ---Nee, terwyl ek op die grond was. Ek sou dit nie gesien het - al sou hulle klippe gegooi het, sou ek dit nie gesien het terwyl ek in die saracaan was nie.

Dan sou jy dit nie gesien het nie? ---Nee.

Maar as daar gegooi was terwyl jy op die grond was, kon jy in 'n ander rigting gedraai het? --- Ja.

— Nou het jy die skare aan jou voorkant, nê? —
— Voor, en aan die sykant.

— Watter kant-tee sou jy gekyk het, dan? —
— Sonder om die klappe van die voertuig oop te maak, en
daar te kyk, sou ek alreeds voor my kon gesien het, dit
is in 'n Suid-Westelike rigting.

— Weet jy of jy die klappe oeggemaak het? —
— Hulle was oop.

— Ek bedoel nou eintlik, as die klipgeolery
plaasgevind het terwyl jy op die grond was, waarheen
sou jy dan besig gewees het om te kyk, as jy dit nie
gesien het nie? — Ek meen, dit is op die veronder-
stelling dat daar nou klippe gegooi was? — Dit hang
af op watter plek die klippe gegooi was. — As hulle
natuurlik aan die Noordkant klippe gegooi het, sou
ek dit nie gesien het nie.

DIE VOORSITTER: Die punt is, waar het jy
gestaan voordat jy nou besluit het om na jou sarroen
te gaan? — Ek het tussen die sarroen en die opening
van die hek ...

— Het jy gestaan en kyk na die skare, Wes? —
— Ek het maar rondgestaan, daar.

— En toe besluit jy om na die sarroen te gaan.
In watter rigting nees u toe loop, vanwaar u gestaan
het? — Om by die sarroen te kom? — Ek nees ongeveer
Suid loop.

VERBOOR KEEVAT: Watter indruk het die
dreigehaming by jou gemaak? — Jy sê dit was oergetruk?
— Ja, later. Die oggend was dit reg.

— Nou, ek praat nou van 'n kort tydjie voor die
skietery; — net voor die skietery, het jy ooggelot wat

daar gebeur het, teen die draadheining? --- Ja; ek het gemerk dat hallegelidelik besig was om die draadheining oor te druk.

Hoe het dit vir jou voorgegaan; was dit opsetlik, of was dit welms ...? --- Definitief opsetlik.

Hoekom sê jy so? --- Jy kan sien as 'n man druk of as hy net teen hom leun. Die skare van agter het nie so gedruk dat dit as gevolg daarvan sou gewees het dat dit oorgedruk moes word nie. Hulle het met hulle hande op die draad gevat. Dit sou nie die geval gewees het as - dit het vir my geblyk soof hulle dit wou oor druk.

Wat het jy gedink was hulle bedoeling? --- Om binne die Polisiegronde te probeer kom.

Wat het jy gedink, waarom sou hulle daar wou inkom? --- Dit is moeilik om te sê. Ek het persoonlik gedink dat hulle die Polisie wou aanval; ek meen, dit is maar my persoonlike mening.

Was dit die toestand gewees voordat u nog in die saracen ingeklin het? --- Dit was voordat ek by die saracen ingeklin het.

Is dit een van die redes waarom jy gedink het daar is gevaar? --- Dit is een van die redes.

Wat sou jy gedoen het as jy in bevel was daar en daardie gevaar wat jy nou beskryf het, het jy nie te kampe gehad? --- Wel, as die gevaar erger geword het as wat ek dit nou beskryf het, sou ek die bevel gegee het om te vuur.

Op watter stadium sou jy die bevel gegee het om te vuur? --- As hulle probeer deurbreek, of as hulle begin aanval.

S. J. V. d. BERGH
ROSKOPF
GROSS-EXAMINATION

Ja, maar wanneer sal jy nou seker wees dat hulle begin aanval? --- Wel, as hulle pogings aanwend om jou te beseer, dan sou ek sê hulle begin aanval - as 'n man op jou vuur, sal jy terugvuur, of as hy 'n gevaarlike voorwerp na jou gooi. Dan sal ek 'n bevel gee om te vuur.

Die gevaar wat jy gesien het in die draadheining, as die sou platgetrap word, sou jy dink dit sou met die doel wees om die Polisie aan te val; sou jy gewag het totdat hulle oor die draad kom, as geheel? Voordat jy geskiet het, sou jy gewag het? --- In my geval, met die masjiengeweer, sou ek definitief nie so gewag het nie.

Nees, gestel jy was in bevel daar, sou jy wag totdat hulle oor die draad is voordat jy die bevel gegee het om te vuur? --- Wel, in die omstandighede daardie dag, sou ek definitief nie gewag het nie, want dit kon noodlottig gewees het as hulle reeds oor die draad gekom het. As hulle reeds oor die draad gewees het, sou dit noodlottig gewees het.

SEEN VERDERE VRAE NIE.

GROSS-EXAMINED BY MR. KENTRIDGE: Sergt. v.d. Bergh, did you see the people in the front row of the crowd holding the wire with their hands? --- Dit is reg.

Were they trying to push it down? --- Dit het vir my so voorgekom.

About how many were doing that? Everyone, or some? --- Ek sal nie kan sê nie. Ek het gesien dat 'n paar - ek het drie of vier gesien dit doen.

Did you see anyone trying to jump over the wire? --- Nees.

--- What ---

What do you think is easier; to push a fence like that down with your hands, or to jump over it? --- Ek sou dink as algees een persoon wou oor kom, sou dit makliker wees om oor te spring; maar as 'n skare wou oergaan, sou hulle dit definitief nees druk.

But they did not push the fence down? --- Nee; hulle het dit nie neergedruk nie.

They did not get anywhere near it? --- Hulle sou dit nie met hulle hande ken gevat het soos ek verklaar het nie, as hulle van daarteen gestaan het nie.

What I mean is that the fence was never anywhere near the ground. It was never pushed flat? --- Nee, dit was nie platgedruk nie.

You say you arrived about 11 o'clock. Did you look at your watch? --- Nie die oomblik dat ek daar aangekom het nie.

Did you perhaps make an entry in a log? --- Nee.

Is it just your recollection of the time? --- Dit is reg, ja.

Is it more or less right? --- Dit is min of meer-'n skatting.

Do you know Capt. Brunner? --- Ek ken hom.

Did you see him there that day? --- Ek het hom gesien. Ek kan nie sê watter tyd nie. Hy was die dag daar gewees.

Did he give you any orders? --- Nee.

Did he come and speak to you? --- Nee. Hy het nie na my-toe gekom nie. My nag het my gelyk gehou, maar hy het nie spesiaal na my gekom nie.

He did not give you any special instructions about your Browning? --- Nee.

Where were the men of the caracen? --- Die bestuurder van die voertuig het agter die stuur gesit.

The whole time - I mean, when you were there, at the Browning, he was inside? ---Ja; dit is reg.

And the rest of the men? --- Hulle was buitekant. Hulle was langs die caracen, waar hulle stelling ingeneem het.

Do you know whether they fired? ---Nee; sover ek vaggestel het, het nie een van my bemanning gevuur nie.

Not one of them? ---Nie een van my bemanning nie.

How many were there? --- Vyf, met myself ingesluit.

Did any of them have ston guns? ---Ja; drie stangewere op die voertuig.

DIE VOORSITTER: Was hulle te alle tye binne die voertuig, of het die manne dit na buite geneem? ---Nee, ek het my bestuurder beveel om agter die stuur van die voertuig te sit, enrede hy die voertuig kon verdedig en verwyder in geval van nood. Die ander manne het ek beveel om buitekant te staan.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did Capt. Brummer not tell you to load? ---Nee.

NO FURTHER QUESTIONS.

MRE. CLAASSEN: GREN NEEVENHOOF NIE.

--- GYBERT ---

GYSBERT BOOYSEN, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Hospitaal/Heuvel? --- Dit is reg.

Op die 21e Maart hierdie jaar, het jy na Sharpeville-lokasje gegaan onder bevel van luit. Claassen? --- Dit is reg.

In watter voertuig het jy daarheen gegaan? --- Ek het in 'n vragmotor gegaan.

'n Gewone vragmotor? --- 'n Gewone vragmotor, 'n J-ton vragmotor, wat ons gewoonlik gebruik.

Wat beskerms is met draad? --- Ja; dit is beskerms met draad.

Is dit wat julle noem 'n opruktrek? --- Korrek.

Wanneer laat het julle by die Polisiestasie, by die Sharpeville Lokasje aangekom? --- Ons het daar met voer aangekom.

Wat was die toestand in die straat, toe? --- Daar was 'n skare van Bantoes reg om die Polisiestasie.

Hoeveel voertuie het julle gehad? --- Ek is nie seker hoeveel voertuie daar was nie. Daar was 'n hele paar gewes.

Het julle by die hek ingegaan, by die Polisie-terrein? --- Ons het by die hek, op die Polisie-terrein gegaan.

Het al die voertuie? --- Het al die voertuie.

Toe julle binne gekom het, wat het daar gebeur? --- Ons het uitgeklim en is bevel om aan te tree.

Wanneer laat het julle daar aangekom het? ---

Omtrent vyf, ses, sewe minute nadat ons daar aangekom het, is ons beveel om aan te tree.

Toe julle daar kom, was kapt. Pienaar al daar?
--- Kol. Pienaar het saam met ons daar aangekom.

Jy is omtrent vyf minute na julle aankoms, daar, is julle beveel om aan te tree? --- Om aan te tree.

Kan jy die nodigheid daarvoor sien? --- Wel, die skare het dreigend geraak nadat die voertuie ingetrek het. Nadat al die voertuie in die Polisiepersoneel was, het die skare 'n dreigende houding ingeneem by die draad. Hulle het aangelê en geskree om 'n dreigende houding ingeneem. Kol. Spengler - ek is nie seker nie - het 'n Bantoe by die hek gevat en hom na die Polisiepostasie geneem. Daar was nog een Bantoe, ^{weggeneem,} en toe het die skare by die hek ingebars. Toe hulle inbars, het die kerele hulle teruggedruk en die hek weer toegedruk.

Enigiets verder? --- Die kerele het toe teruggestaan, aangesien hulle begin met klippe gooi.

Het hulle teruggestaan? --- Die kerele het teruggestaan.

DIE VOORSITTER: Watter kerele is dit wat jy nou van praat? --- Die kerele wat met klippe gooi is, wat die hek weer toegedruk het.

VERHOOR HERVAT: Maar toe die klippe gekom het, het julle toe al in gelid gestaan? --- Nog nie heeltemal nie. Ons was nog nie volledig in gelid nie.

Wat was die effek van die klippe op julle linie? --- Die effek vir my was gewes dat ek self 'n besering opgedoen het.

--- Watter ---

Watter besering het jy opgedoen? --- Ek het 'n klip gekry, net hier bekend my regteroog, 'n half-duim lank.

Was dit ernstig gewees? --- Dit was tanslik ernstig gewees.

Het jy geval? --- Ek was neer gewees op die grond vir 'n paar sekondes.

Het daar baie klippe gekom, of maar net 'n paar? --- Daar het baie klippe gekom.

DIE VOORSITTER: As jy nou praat van baie, is dit baie in die sin van tien, of baie in die sin van vyftig, of baie in die sin van honderd? --- 'n Massa van klippe het op ons neergekom. Ek het nie getel hoeveel daar was nie; dit was onmoontlik om te tel. Maar ek weet 'n massa van klippe het op ons afgekom.

VERHOOR HENVAT: En toe, het die klippe afgeneem voor die skietery begin het? --- Hec. Nadat ons geskiet het, het hulle nog geseel, van agter.

Het jy geskiet? --- Ek het ook geskiet, ja.

Met wat? --- Met 'n .303.

Hoeveel skote het jy geskiet? --- Tien skote.

Het jy na enige besondere persoon gevuur? --- Ek het senuw met geskiet.

In die skare in? --- Dit mag in die skare gewees het - ek weet nie.

Was daar enige bevel gewees? --- Ek het iemand gehoor skree "Skiet", maar ek weet nie wie dit was nie.

Waar het jy gestaan? --- Aan die Ooste flank.

DIE VOORSITTER: Kyk na Bewysstuk "B".

--- Waar ---

Waar was dit? --- Ek het aan hierdie kant van die Polisie-
stasie gestaan, waar die hek ingaan.

Die groot hek? --- Waar die groot hek is, het
ek aan die punt van die heining gestaan.

Dit wil sê aan die Suidelike kant van die
dubbelhek? --- Van die dubbelhek, ja. Aan die Suidkant
het ek gestaan - hier.

En hoe na aan die Suidelike heining? --- Ongeveer
twee na drie treë van die heining af.

Dit is nou die Suidelike heining? --- Ja.
Die heining het hier by my verbygeleef.

En die Westelike heining - dit is nou die
heining waarin die dubbele hek is? --- So 20 na 22 treë.
Nee - dit is die heining wat daar loopt

Nee. (Westelike heining word aan getuie
uitgewys)? --- Ek was gewes twee na drie treë van
daardie voorste heining af, die Westelike heining af.

Jy weet nou waar die dubbele hek is, waar julle
ingekom het? --- Ja.

Nee ver, of Suid, of Noord, van daardie dubbele
hek het jy gestaan? --- Ongeveer twee treë.

Watter kant-toe? --- Na hierdie kant-toe (toen
aan Suidelike kant). Op die hoek van die draad, daar
waar dit sê vorm.

Ja, dit is die Suidelike kant. Twee na drie
treë vanaf die Westelike heining, en Suid van die hek,
in die Westelike heining? --- Ja.

DIE VERHOOR HERVAT: Op hierdie foto sien jy
nou watter die Suidelike heining is? --- Ja.

Nee ver sou jy gewes het ontrent van die Suid-

like hek af? ---Kin of neur dienselfde as van die dubbele hek.

So jy sou ontrent in die middel gewees het van die hek na die hoek? ---In die middel van die hek na die hoek, die Suid-Westelike hoek.

Het jy sarasens gesien, daar? --- Ek het twee gesien.

Aan die kant waar jy nou gestaan het, van die hek? ---Nie aan die kant waar ek gestaan het nie.

Aan die kant waar jy gestaan het, het jy geen sarasens gesien nie? ---Het 'n trek het daar gestaan; een van die trekke waarin ons gekom het. Dit is moontlik dat daar agter die trek 'n sarasen gestaan het. Ek weet nie. Maar ek het voor die lerris gestaan.

Was daar meer klippe gegooi in die omgewing waar jy gestaan het, behalwe die een wat jou getref het? ---Ja; daar was 'n massa van klippe daar gegooi.

Waarheen het jy ontrent geskiet? --- Reg voor my. In 'n Suidelike rigting.

DIE VOORBITTER: Dit is 'n Westelike rigting wat jy nou wys? --- Reg voor my - 'n Westelike rigting.

VERHOOR HERVAT: Het voor jou eerste skoot geval het, het jy gesien waar kel. Plek waar gestaan het? --- Nee.

Was daar enige officiere in jou onmiddellike omgewing? --- Daar was officiere, maar ons besig was om aan te tree.

Voor julle, of agter julle? --- Voor, en agter ons.

Wat was hulle besig om te doen? --- Hulle het

G. BOYDEN
HOOGKOMMISSaris.
PRETORIA.

ons nog laat aantree. Party het gesê ons moet in drie linies aantree, en party het gesê ons moet in een linie aantree.

Het jy 'n bevel gehoor van "Aantree!"? ---Ja.

Van wie? --- Ek weet nie van wie dit gekom het nie. Ons het nog net 'n bevel gehoor. Ons het heeltemal op die punt gestaan. Ons kon nie mooi die ander kant gesien het nie.

Vanwaar dink jy het die bevel gekom om te skiet? --- Ek kan nie sê nie. Ek was nog half dwiselig gewees toe hoor ek die man skree "Skiet!"

GEEN VERDEER VRAE NIE.

DIE VOORSITTER: Het jy ooit 'n bevel gehoor dat julle moes laai? --- Ons was aangesê op Vanderbijlpark, al, om te laai.

So jou vuurwapen was gelaai toe jy daar aangekom het? --- My vuurwapen was gelaai, maar ek het die veiligheidsklêp aan gehad.

KNULSVENHOOR DEUR MNR. KENTRIDGE: Hoe lank is u al in die Polisieag? --- Amper nege jaar.

U het gepraat van 'n deel van die skare wat by die hek ingehars het? ---Ja.

U het gesê dat die Polisie daar moes terugval? ---Ja.

Onder die mense van klippe? ---Onder die mense van Bantoes wat dourgedruk het.

En toe die klippe begin val het, wat het geword van die Polisie daar by die hek? ---Hulle het teruggeval.

En toe die klippe begin val het, wat het geword van die Polisie daar by die hek? --- Halle het teruggeval.

En die Bantoes het verder ingekom? --- Halle het.

En het hulle met die Polisie gestoei? --- Nee, hulle kon nie, want die klippe het weer begin reën.

Het lode van die Polisie in die rigting van daardie groep Bantoes gevuur? --- Dit mag meentlik wees.

Het u dit self gesien? --- Nee, ek het nie gesien nie. Ek was self besig om te vuur.

U het nie na daardie deel van die skare gevuur nie? --- Nee.

Voor u begin skiet het, het ander lode van die Polisie ook geskiet? --- Ja.

Het u begin omdat hulle begin het? --- Nee; ek het die bevel gehoor, "Skiet", toe het ek gevuur.

Jy het vermoed dat dit 'n bevel was om te skiet? --- Ja.

Maar dit was miskien net een van die ander konstabels? --- Dit mag meentlikwees.

Want u was half duiselig? --- Ek was half duiselig, ja.

DIE VOORSITTER: Toe u die woord "Skiet!" hoor ... ? --- Toe was ek nog half duiselig.

Maar het u toe alreeds skote gehoor, of het u skote gehoor nadat u die bevel "Skiet!" gehoor het? --- Toe het skote al geklap.

En toe hoor jy iemand skree "Skiet!", ook? --- Toe hoor ek iemand skree "Skiet".

KRUISVERHOOR MERVAT: Het u van die grond af gevuur? --- Ek het in 'n gebukkende houding, half duiselig,

so gestaan en skiet.

Was u in dieselfde toestand gewees terwyl u al die tien skote afgevuur het? --- Dieselfde toestand, ja.

Ek neem aan dat u nie die skare goed kon dophou nie? --- Wel, my oë was op hulle gerig gewees.

uitgeklim en ek het nooit weer daar ingeklim tot na die
skietery nie; so dit was voor die skietery gewes het,
dat hierdie foto geneem is. Daar was ook nooit weer na

die skietery so 'n samekromming van Bantoes soos u op hierdie foto sien, gewees nie. Onmiddellik toe die skietery oor was, was almal weg gewees en hulle het nie weer op so groot skaal daar saamgedrom nie.

Die skare het dopgehou terwyl jy daar op die saracen was? ---Ja.

Ek sien daar is party van die Bantoevrouens wat weghardloop? Kan u sien - sewe of ag? ---Ja.

Is dit 'n tipe van toneel wat jy waargeneem het voor die skietery, of kon dit alleen gewees het dat daardie Bantoes besig was om te vlug? ---Hee; die Bantoes is nie besig om op hierdie tydstip te vlug nie. Baie van hulle lag hier. Gewoonlik, as Bantoes saamkrom, is daar baie van hulle wat 'n soort van gek-skeerdery van die hele ding maak. Dit is moontlik, veral toe hulle hierdie fotograaf opgemerk het, dat hulle vir hom miskien 'n soort van 'n "show" opgesit het. Dit is miskien net die/die ⁱⁿ onmiddellike omgewing van die fotografe - hulle dans en lag en hardloop.

Hoe lank sou jy sê het die skietery aangehou? --- Nie langer as 'n half-minuut nie.

GEEN VEERDERE VRAE NIE.

CROSS-EXAMINED BY MR. KENTRIDGE: Sergt. Kok, do you suggest that some of the Natives there on that photograph were perhaps putting on a show for the photographer? --- Well, it is possible; it is the conclusion that I come to when I look at this photo.

Did you see any of the Natives there putting on a show for photographers? ---No, I can't say that I did.

I wonder if you could describe to me where the man is who you identify as Konst. Snygans? --- Dit is

--- die ---

die persoon wat ek bo-op die saracen sien, met sy hande op sy heupe gerus.

With his back to the photographer? --- Dit is reg.

And can you identify the man standing on the right, and just a little below? --- Nee. Ek kan die man nie.

He appears to have a revolver in his hands? --- Ek dink dit is 'n stengeweer wat hy in sy hand het. Dit wil my voorkom asof daar oor sy rug iets is wat lyk soos 'n sak waarin ons gewoonlik stengeweer-patrone dra.

Was Const. Snygers one of your men? ---Hy was.

But he is not wearing an overall? ---Nee; al die lede van die Mag, die bemanningslede, het op daardie tydstip nog nie oerpakke gehad nie.

And can you recognise the man in the overall on the other saracen? --- Ek is nie seker van hom nie. Dit mag konst. Theron gewees het. Ek kan nie seker maak nie. Hy staan met sy rug na my-toe en daar is niks waaraan ek hom presies kan identifiseer nie, as met die houding, die manier waarop hy staan.

And the man on the extreme left, right up against the building? Wearing an overall? --- Oek in hierdie geval is dit baie moeilik. Daar was een van die lede van die Mag wat gewoonlik sy moue opgerol het, of onder andere een man wie ek kan dink, wie dit kan wees; dit was konst. Arnold gewees.

Why did you go and load your Browning? --- Ek was beveel om my vuurwapen in gereedheid te bring, in geval ons sal moet vuur; en seker te maak dat die

---Browning

Browning wel in orde is, was dit nodig om 'n paar voorbereidings te tref en ook om die belt in te sit. Dit vat 'n paar sekondes om dit in te sit, wat miskien nie sal moontlik wees as jy dit skielik nodig kry nie.

We understood, here, from Capt. Brunner, when he gave evidence, that he made it clear to you saracen machine gunners that you could only fire on a special order? --- Dit is korrek.

From him? --- Van hom of natuurlik noodwendig van 'n hoër offisier, as dié sou oorneem.

But although your men did not line up, you had to be ready to shoot when ordered to do so? --- Dit is reg.

And according to Capt. Brunner, when Col. Pienaar gave the order to line up, he took steps to see that the saracen machine gunners were ready and at the same time he told you machine gunners in the saracens to be sure not to fire without a special order? --- Dit is reg.

Did you think that there was some danger from the crowd if the wire fell? --- Ja, definitief. As die draad sou mos neegee - daar was baie gedruk teen die draad; as die draad sou neegee sou daar definitief 'n aanslag op die Polisie gemaak gewees het.

That was your fear, anyway? --- Dit was my vrees.

If that happened, of course, your saracen was very close to the fence; you would not have very much time to shoot? --- Dit is reg.

You had to protect your saracens? --- Ja.

Where was Capt. Brunner after Col. Pienaar told the men to line up. Do you know where Capt. Brunner

stood? --- Ek weet nie presies nie. Hy het meer links van my beweeg, tussen die ander offisiere en manskappe. Ek kan nie presies sê waar hy was nie.

You say that when Col. Pienaar ordered the men to line up, you felt that was an indication that you all had to be ready for shooting? --- Wel, ek sou nie sê noodwendig 'n skietery nie, maar in elkgeval om in 'n posisie te wees om myself/^{beter}te kan verdedig.

Yes; I'm sorry. That is the proper way to put it, perhaps. Now, you did load your Browning? --- Ek het, ja.

Which way was it pointing? --- Na die Noord-Westelike hoek; dit is in die rigting (toen aan).

So, it was pointing North-West? ---Ja.

As we see it on this photograph, Exh. "E"? ---Ja.

And after you loaded your Browning, did you get out of the machine gunner's seat? --- Ek het.

And what did you do; climb right to the top? --- Ek het. Daar is 'n opening by die sitplek waar jy kan uitklim, en dan is jy bo-op die saracen.

Right on top? ---Ja.

On the turret? ---Nee, net agter die toering. Sien ek sê, op die rug, sal ek maar sê, van die saracen.

More or less where Const. Snygers is standing on this photograph? ---Ja. Ongeveer in daardie posisie.

You see, what I can't understand, ^{of} is/what use you were in an emergency, standing on top of the saracen? --- Dit vat jou ongeveer twee sekondes om binne te kom.

Two seconds? ---Ongeveer, ja.

And then you have to aim your gun and shoot? ---
Dit sou in elk geval 'n paar sekondes neem om die vuur-
wapen in gereedheid te bring.

You see, I am putting it to you that you must
be mistaken. Once you were told to get your gun ready
and to be ready, I suggest it is obvious that you must
have stayed there by your gun and that you would not have
gone up again? --- Dit is nie noodwendig nie. Dit is
'n geval van 'n paar sekondes om by die vuurwapen te kom.

So things did not really look desperate. You
would have had a few seconds, whatever happened? ---Kan u
net die vraag herhaal, asseblief?

The situation was not so dangerous that you
would not have had time, a few seconds, to get back to
your gun and to aim your gun? ---In elkgeval kan jy nie
altyd die vuurwapens op die mensse gerig hou nie, hoe
desperaat dit ookal sou nodig wees. Ek het gevoel
dit sou nie enige verskil maak, daardie twee sekondes
wat mens sou verloor nie.

There was time enough, if necessary? --- Ek
sou nie sê daar was tyd genoeg nie. Ek sê twee sekondes
sou volgens my oorweging daar geen verskil gemaak het nie.

When you got up onto the turret, did Const.
Snygers stay there next to you? ---Nee; hulle was op die
grond. Ek het hom nie op die saracen gesien nie.

So during the shooting you took his place on
top of the saracen? --- Ek was bo; ek sou nie/dit was
sy plek noodwendig nie. Dit is nie enigens anders
besondere plek nie.

Did you have a weapon in your hands? ---Nee

--- You ---

You see, the suggestion I make again is that if Capt. Brunner told you to get ready and stand by your gun, what you would have done is stand by your gun? --- Ek was by my vuurwapen.

You were not sitting at it? ---Nee.

And if an order to fire had come? --- Ek sou betyds gevuur het. Ek voel ek sou in 'n posisie gewees het om betyds te vuur, as die order gekom het.

If - supposing the fence had fallen at that corner and the Police were about to be overwhelmed and Capt. Brunner had said "Fire!", you would have had to jump down in your seat; can you jump down, or climb down? --- Jy druk met jou hande op die knoppie dan gaan die sitplek se (beduie) en dan sit jy onmiddellik op die sitplek.

Would you close the lid at the top? --- As daar tyd is kan jy dit doen. Dit is baie ongemaklik om dit toe te hê al die tyd; dit is baie warm.

But still, if you had had the time, you would have closed the top. Correct? --- Die sykante, ja.

I take it if your saracen is being attacked, you close the top? --- As daarop 'n aanval gemaak word, ja.

And then, what would you have had to do once you got into the seat? --- Jy neem die vuurwapen - as jy nou vuur, veranderstel. Die vuurwapen se sneller sit by jou regterhand en aan die linkerhand is 'n hefboom, waarmee jy die vuurwapen hanteer, draai.

Then you take aim and then you can fire? --- Ja; dit is 'n geval van - daar is 'n klein periskoop voor jou kop. Jy druk met jou kop teen die periskoop en dan vuur.

en dan weet jy presies waar jy gaan skiet. Dit is nie soos 'n geweer waar jy eers die visier moet in lyn bring nie. Jy druk net jou kop teen die periskoop en dan weet jy presies waar jy is.

You see, the impression we got from Capt. Brunner was that his orders were that the machine gunners should be ready at their guns and that, incidentally, is what Sergt. v.d. Bergh appears to have done? --- As hy anders gedoen het, het hy seker so gedoen. Ek het nie so gedoen nie.

Well, just to take you back to this photograph, Exh. "E": That Const. Snygans - did I understand you correctly, that he had a sten gun? --- Dit is reg.

You think the other man standing there also had a sten gun? --- Dit wil my so voorkom op die foto, ja.

Where would he be standing: On the mudguard, on the side of the sarnoen - is that what it looks like? --- Dit is reg.

Now, while you were there, did you watch the crowd on the North side? You understand what I mean by the North side? --- Ja, ek verstaan. Ek sou sê die mense in die algemeen - jy kyk rond, jy kyk nie presies na een lot nie.

Was there a big crowd on that side - North? --- Nee, daar was nie 'n baie groot samevloering nie.

Did you foresee any danger from that side, the wire being pushed over from the North, perhaps? --- As daar gevaar was, was dit nie so daadwerklik en so dringend as die van die voorkant nie.

Did you see, were you looking when the crowd

on the North side started to run away? --- Nee; ek dink toe die skietery begin het, het ek na vore gekyk. Ek bedoel, wanneer ek se na vore, na die rigting waar die hek in die draad is.

That is West? ---Ja. As ek reg kan onthou, toe ek omgekyk het, was hierdie mense al ontrent almal weg van die draad af.

Did you ever look to the North while the shooting was still going on? ---Nee; ek het na die kant gekyk waar die hek in die draad is.

So you can't say when the people started to run away. It may have been on the first shot that the people at the North started to run away, for all you know? --- Ja; ek weet nie.

You came in the same party as Col. Pienaar?

--- Nee.

Oh, I'm sorry; just before? ---Ja, voor hom.

You said his car seemed to have some difficulty in that it went backwards, forwards and then backwards?

--- Ja.

Do you know whether it knocked anybody down?

--- Dit is moontlik. Ek het nie gesien nie.

You did not hear any shouts, of a person knocked down, or anything shouting about it? --- Daar was se'n groot lawaai, ek sou dit nie gehoor het nie. Ek het dit in elk geval nie identifiseer nie.

When Col. Pienaar came in, some time after he came in, you said ~~you said~~ you heard him say "Tree aan!"? ---Ja.

Where was he at that stage? --- Hy was naby

die hek, Srens, as ek reg onthou.

On the North side of the gate - that is on your side of the gate? --- Ook daar in die ongewing van waar die paadjie is.

Around the middle? --- Ja. Daar in die ongewing.

Who did he say it to, "Tree aan!" To a particular officer or group of officers, or generally? --- Wel, ek kan nie presies sê aan wie hy die bevel gerig het nie.

And when he said that, was it then that you fixed up the belt of the machine gun? --- Ek kan nie presies - nee, toe was dit al klaar reg.

You were then on top, already? --- Ja.

When the shooting began, did you not get back into your seat? --- Nee.

Did you not think you might have to shoot? --- Nee. Om die waarheid te sê, dit het alles so vinnig gebeur, dat voor 'n mens mooi kon dink was dit oor.

Did you see who fired the first shot, from the Police? --- Nee, ek het nie.

Was it near the saracen? --- Dit was nie naby my saracen gewees nie. Dit was aan die teenoorgestelde kant, het dit vir my geklink, het die eerste skote vandaan gekom.

Were you watching the crowd on the West when the first shots came from the Police? --- Ek kan nie presies sê waarheen ek gekyk het, op daardie tydstip nie.

When you heard the first shots, did it come as a surprise to you? --- Ja; dit het vir my effentjies

die hek, Srens, as ek reg onthou.

On the North side of the gate - that is on your side of the gate? --- Ook daar in die omgewing van waar die paadjie is.

Around the middle? --- Ja. Daar in die omgewing.

Who did he say it to, "Tree sani" To a particular officer or group of officers, or generally? --- Wel, ek kan nie presies sê aan wie hy die bevel gerig het nie.

And when he said that, was it then that you fixed up the belt of the machine gun? --- Ek kan nie presies - nee, toe was dit al klaar reg.

You were then on top, already? --- Ja.

When the shooting began, did you not get back into your seat? --- Nee.

Did you not think you might have to shoot? --- Nee. Om die waarheid te sê, dit het alles so vinnig gebeur, dat voor 'n mens mooi kon dink was dit oor.

Did you see who fired the first shot, from the Police? --- Nee, ek het nie.

Was it near the saracen? --- Dit was nie naby my saracen gewees nie. Dit was aan die teenoorgestelde kant, het dit vir my geklink, het die eerste skote vandaan gekom.

Were you watching the crowd on the West when the first shots came from the Police? --- Ek kan nie presies sê waarheen ek gekyk het, op daardie tydstip nie.

When you heard the first shots, did it come as a surprise to you? --- Ja; dit het vir my effentjies

oukent gevang.

When the first shots rang out, what did the crowd do? --- Die nense het nog vorentoe gedruk, na die draad se kant-toe. Daar was al die tyd 'n drukking voor na die draad-toe. Terwyl die eerste klompie skote geval het, het hulle nog maar aangehou druk.

They did not turn round? ---Nie aanvanklik nie.

Probably they did not know what was happening - just like you; it took them by surprise? --- Ek sou nie kan sê nie. As 'n man na my skiet, dan dink ek ek sal meer of min weet hy skiet my nou. Dan sal ek darem hardloop.

And then, of course, the crowd did run? ---Ja.

Did the shooting go on when the crowd was running? --- Toe die nense gehardloop, het ek nie meer een skoot gehoor nie.

So ^{that} ^{what} what happened was that they were still standing there and pressing and the shooting went on? --- Ja.

And then, after a few seconds, they turned and ran? ---Ja.

And then the shooting stopped? ---Ja.

Is that correct? --- Dit is reg, ja.

Did most of the shooting take place while the crowd was still pressing forward? ---Ja.

Not all of it? --- Dit is moeilik om te sê presies wat elke mens doen. Jy kan ontrent self nie onthou wat jy alles gesien het nie.

I agree; I understand you. But at any rate, you say that certainly most of the shooting took place

--- while ---

while the crowd was still pressing forward? ---Ja, ek weet nie; terwyl iemand ongedraai het, dan was hy gekiet gewees terwyl die voorste mense nog vorentoe druk. Dan het daar 'n koeël verby hom gegaan na die daar agter hom.

On the evidence you have given, if you observed correctly and are reporting correctly, one would expect that most of the people were not shot in the back, but in the front? --- Ek rapporteer so korrek as wat ek moontlik kan.

But am I understanding you correctly; most of the shooting was at the front of the people, and not ..? --- Dit is reg, ja; dit is die indruk wat ek gekry het.

So if the medical shows that more of the people were shot in the back, it may be that your impression is wrong - it may be? --- Nee, ek glo nie. Ek dink ek gee in alle redelikheid 'n verslag van wat ek gesien het.

DIE VOORSITTER: Wat die advokaat bedoel is, indien dit wel 'n feit is dat meer persone in die rug gekiet is as van voor, hoe sou u dit nou rym met u getuienis? --- Dit is moontlik dat terwyl van die voorste mense vorentoe gedruk het, van die agterste mense al gehardloop het en die koeël, 'n .30] koeël meer as een man kon vang - nog 'n ander een in die rug slaan. Dit is een vertolking wat ek daaraan sou gee.

Did you see any shooting to the North? ---Nee, ek het agterna/^{een}lyks daar gesien, maar ek het nie ...

You did see a body there, afterwards? You saw a corpse there afterwards? ---Ja, ek het een gesien.

Where - in that field? ---Ja.

A long way away from the wire? --- Ja.
Ongeveer twintig treë van die draad af.

DIE VOORSITTEK: Kan u vir my beduie - was dit 'n persoon wat reeds dood was? --- Dit was 'n Bantoe man, sover ek kon sien van die saracen af. Dit sou ongeveer op die plekkie wees waar daardie meid nog gedans het. (Getuie verwys na Bewysstuk "E").

Na watter Bantoe-meisie verwys u daar? ---
Ongeveer hier, net onderkant hierdie paadjie.

U wys hier na 'n Bantoe-meisie wat blykbaar op haar eie reg in die rigting van die fotograaf hardloop? --- Dit is die een wat ek aandui; ongeveer in daardie...

Met 'n wit rok en 'n baadjie be-oor die rok - 'n wit voorskoot? ---Ja; ongeveer hier, in hierdie oengewing. Dit is vir my 'n bietjie moeilik - maar ongeveer in daardie oengewing. (Punt aangedui, "k"). Dit is baie ongeveer, natuurlik. Ek kan nie presies die punt aandui nie.

Kan u net vir my by kyk van beskrywing se, eerstens, hoe ver weg was dit van die Noordelike heining? --- Dit is ongeveer 20 treë, sou ek se, van die Noordelike heining, en ongeveer meer of min in die middel van die heek wat die draad daar vorm, en die lyn wat die voorste geboue hier maak. Ongeveer in die middel van die lengte van daardie draad.

Met ander woorde, as jy die Westelike heining verleng, in 'n Noordelike rigting? ---Ja.

En jy verleng die lyn wat gevorm word deur die gebou, parallel met die Westelike heining, dan sou dit tussen die twee gewese het? ---Ja, ongeveer in die middel.

---Ongeveer---

Ongeveer in die middel, en omtrent 20 treë noord van die Noordelike heining? --- Ja.

Is dit die enigste wat u daar gesien het? --- Dit was die enigste lyk wat ek daar gesien het.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you go up to the body? ---Nee, ek het nie.

Was there any shooting in that direction, that you saw? ---Nee. Ek kan nie sê nie. Ek was baie meer geneoid met wat aan die ander kant aangegaan het.

Can you explain how that body got where you saw it? --- Hy moes daar geskiet gewees het.

Can you suggest who shot him there? --- Wel, net al die skietery wat daar gewees het, moet ek aanneem dat dit die Polisie gewees het wat geskiet het.

No, I mean who in particular? ---Nee, dit weet ek nie.

Is it not possible that it was someone who did it while you were in your saracen? ---Op watter stadium? Ek was bo-op die saracen.

Did you not get back into the saracen again? ---Nee. Nadat ek een keer uitgekam het, het ek nie weer ingeklim nie, nie binne die volgende uur of so nie.

You see, we have certain information; certain of the people who were shot at in the crowd, will give evidence, we understand, to the effect that there was shooting to the North and the North-East - in other words, in the direction where you saw that body? --- Ek sal dit gladnie betwis nie.

And people seem to be under the impression - I won't put it any higher; I will use the word you used, Sergt. Kek - under the impression that the people who

were firing in that direction were people who were standing on top of the saracens. I am not suggesting it was you. I am suggesting, rather, that you forget that you were sitting inside; other people standing on top were firing? --- Ek kan amper met sekerheid sê dat dit nievan my saracen af gewees het nie. As dit vandaar is, daar was 'n ander saracen ook gewees. Dit is nie onmoontlik nie.

You see, I am not suggesting - I haven't got evidence to suggest that you were up there and that you were firing a revolver or a sten gun; you understand that, I hope. What I am suggesting is that if these people who had this other impression are correct, what appears to have happened is that you were actually sitting at your Browning, as you ought to have done, and that other people were firing from the top of your saracen. Is that not possible? Think back. Are you so certain? --- Soos ek sê, dit is nie onmoontlik nie. U weet, daar is 'n vreeslike lawaai, jy kyk in een rigting. Dit is nie onmoontlik dat iemand aan die ander kant van die voertuig opklim en 'n paar skote in daardie rigting skiet nie. Dit is nie - soos die Engelman sê, "I can't rule it out".

Then we will leave it at that. Perhaps you can tell us something else. When did the people on the North side start to run away? --- Soos ek u sê, ek het meer na die rigting gekyk waar die hek gewees het. Wanneer daardie mense begin hardloop het, weet ek nie.

But at any rate, there is nothing to suggest that they all ran away before the shooting? --- Nee; hulle het nie voor die skietery weggehardloop nie.

Just to clear things up unless there is anyone

else called from any of the other saracens, your saracen was No. 9078? --- 90798.

The other saracen standing near you, do you know the number of that? --- Dit was 90799, of 907800. Die voertuie het toevallig - daar was drie voertuie se nommers agternekaar; dit kon een van daardie twee gewees het.

U meen 907 - 90800? --- Dit is 90800; dit kon 90799 of 90800 gewees het.

And who was in charge of that one? --- Durandt was, sover ek kan onthou, die bestuurder, en sers. Els was die Browning

Yes; I understand. Const. Snygens, was he not a member of your party? ---Ja.

He was? ---Ja.

Did he not fire his gun at all? ---Hy het vir my gesê hy het nie. Ek het nie gesien dat hy skiet nie, en hy het vir my gesê hy het nie geskiet nie.

Do you know whether any of the crews of the other saracens fired at all? Did they talk about it afterwards, perhaps? ---Nee; ek kan nie onthou nie.

DIE VOORSITTER: Sou die lede van u bemanning ook onder 'n verpligting gewees het om later verslag te gedoen het indien hulle wel met hulle vuurwapens geskiet het? ---Ja. Ek het hulle pertinent gevra wie van hulle geskiet het, en net een man het gesê hy het geskiet. Ongelukkig het ek nie hulle vuurwapens nagegaan of hulle ammunisie nie, om vas te stel of hulle wel geskiet het, of nie. Ek het nie rede gehad om hulle nie te glo op daardie punt nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED:

/ What did Const. Steynberg fire - a sten, or a

.303, or a revolver? ---'n Stengeweer.

How many did he fire - from one magazine? ---
Hy het gesê hy het 57 skote geskiet; dit sou tenminste
een magasyn wees en amper 'n volle ander.

DIE VOORSITTER: Is dit gebruiklik om 25 na
- 20 na 25 in 'n magasyn te laai? ---Ja; jy kan 32 inlaai;
so dit is - die punt wat ek op wil neerkom, is dat hy
tenminste twee magasyns moes gebruik het. Hoeveel in
elke magasyn was, weet ek nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: So he must have
put in at least one new magazine? --- Dit is die punt
wat ek wou genaak het.

And you think probably he only fired two, that
he did not put in a third? ---Nee; dit kan ek nie sê nie.

Because some people have said that although it
holds about thirty, it is usually only to load 20 to 25
? ---Ja; ek is geleer dat dit 32 hou.

But he said he fired 57? ---Ja.

Did you see him firing? ---Nee, ek het nie.

You don't know which direction he fired in? ---
Nee, ek weet nie. Van die posisie wat hy aan my
verduidelik het, waarin hy gestaan het, is dit moontlik
dat hy in daardie rigting kon geskiet het, in die
rigting van die Noordelike - hy het voor die saracens
gestaan.

Is it not possible that he was standing a bit
raised, perhaps, on the bumper; not quite on the ground;
on the bumper or on the mudguard or something like that?
Was there any position he could stand to get some height?
--- Wel, nie op die saracens self nie, tensy hy geskiet
het voor, op die modderskern. Maar hy kon nie. Hy het

gesê hy het gestaan voor die saracen.

He was more on the North than on the West, then? --- Die posisie wat hy vir my verduidelik het, ja; dit was in die hoek, so. So hy kon in enige van daardie rigtings geskiet het.

Could he have shot West? That is at the main crowd? --- Hy kon - u sien, hy het daar gestaan... Hy het in die Noord-Westelike hoek gestaan. So dit sou vir hom moontlik gewees het, volgens hy gesê het, dat hy kon Noord skiet, of in die rigting van die draad waar die hek is. Hy kon nie in die teenoorgesteld rigting geskiet het sonder om lede van die Nag raak te skiet nie.

But he could even shoot North-East, in that position? --- Ja. Hy kon in daardie rigting geskiet het - Noord-Oos.

NO FURTHER QUESTIONS.

MRE. LOUV: GEEN KRUISVERHOOR NIE.

MRE. CLAASSEN: GEEN HERVERHOOR NIE.

DEUR DIE VOORSITTER: Ek weet nie of u al in u getuienie daarna verwys het nie, maar ek wil u net vra. U was bo-op die saracen gewees? ---Ja.

En u het blykbaar 'n betreklik redelike geleentheid gehad om die skare te sien? ---Ja.

Ek weet nie of u al 'n skatting gemaak het nie; so nie, kan u dit net herhaal - as u dit nog nie gedoen het nie, kan u my nou net sê wat u skatting is? --- Ek skat baie swak. Ek sou dit liewers nie waag nie.

Dan kan u dit miskien doen by wyse van
--- vergelyking ---

vergelyking. As u sal kyk na Bewysstuk "B", daar sien u 'n skare mense, klaarblyklik voor die saracens daar was? ---Ja.

Sover u nou waargeneem het, van die saracens, hoe sou die skare op die foto, Bewysstuk "B", vergelyk met die skare wat u daar gesien het om en by die tyd toe die skietery plaasgevind het? --- Dit het my voorgekom, hier aan die kant, waar die hek is, was daar seker ongeveer 'n derde meer. Hulle het min of meer daardie stukkie pad toegestaan, ^{nie} bankvas nie, maar meer of min dit toe gestaan.

U verwys nou na die pad aan die Westekant van die Polisiestasie, d.w.s. waar die dubbelhek in is? --- Dit is reg.

Waar u deur ingery het? ---Ja.

U sê daardie deel van die straat, sou u skat, was vol mense? ---Ja.

Behalwe dat hulle nie die hele straat bankvas gestaan het nie? ---Ja. Aan die Noordekant sou ek sê dat daar ongeveer die helfte meer gestaan het as wat daar nou staan op hierdie foto, Bewysstuk "B".

Dit wil sê die skare wat u nou sien tussen die Polisiestasie-geboue en die Noord-westelike hoek? ---Ja.

Dit is die skare daar by die draad? ---Ja.

U sou sê daar was nog 'n maal soveel mense? --- Ja. En hier aan die duskant lyk dit vir my, - toe ons daar deur is, het hulle hier duskant tot teenaan die paadjie gestaan. Ons het net moete daar ...

Waar is dit nou? --- Dit is aan die Suidelike kant.

Die pad aan die Suidelike kant? ---Ja.

Wat sê u, hoe vergelyk die skare wat u op die foto sien met die wat u waargeneem het toe u daar aangekom het? --- Daar was heel party meer as wat daar nou is; sê ongeveer 'n kwart soveel meer as wat daar nou staan. Hulle het die pad daar vol gestaan, en ook op die sypadjie sodat ons tussen die boulyn-draad en die mense moes ry.

Het u nie langs - weet u waar Zwane-straat is? --- Hee, ek ken nie die name nie.

In elk geval, dit is die straat aan die Suidekant van die Polisie-stasie? ---Ja.

Het u langs daardie straat beweeg en by die Polisie-stasie in te gaan? ---Ja.

Het ander woorde, u het Wes langs hierdie straat gery, Zwane-straat? --- Ja.

En toe regs gedraai? --- Dit is reg.

Toe weer regs gedraai, en by die hek in te kom? ---Om by die hek in te kom.

Het u enige ander Polisie teëgekem daar in Zwane-straat, toe u nader gery het? --- Ek het nie gesien nie. Die witsig vanuit die voertuig is baie beperk. Ek kan nie onthou dat ek ander lede van die Hag daar toe gesien het nie.

DULPHY MAMUING, beëdig, verklaar:

DIE VOORSITTER: Is jou taal Afrikaans? ---Ja.

Verstaan jy dit die beste? ---Ja.

Het jy ook 'nAntoetaal wat jy praat? ---Ja.

Watter een? --- Setswana.

Watter taal praat jy makliker - Afrikaans, of Setswana? --- Alteselfde.

Kom jy van Kimberley se wêreld? --- Ja.

VERHOOR DEUR MNR. GLASSER: Onthou jy die skietery by die Sharpeville Lokasie op die 21e Maart hierdie jaar? --- Ja.

Daardie vorige nag, was jy op diens gewees? --- Ja.

Hoe laat het jy op diens gegaan? --- Om 10-uur.

Is dit jou gewone tyd? --- Ja; dit is my gewone tyd.

Het jy in die lokasie gepatrolleer? --- Ja.

Saam met die ander blanke konstabels? --- Ja.

Hoe het dit vir jou gelyk, daar, in die lokasie? --- Die lokasie was nie soos gewoonlik nie; 'n bietjie anders.

Hoe was dit anders? --- Die mense het klompe-klompe geloop, die straat in geloop en skree.

Wat het hulle gedoen? --- "Afrika!", "Afrika!", net so gees; "Afrika!" in die straat geloop en skree.

Is hulle uitmekaar gejaag? --- Ja, ons het hulle uitmekaar gejaag.

Het jy gehelp om hulle uitmekaar te jaag? --- Ja.

Het julle moeilikheid daarmee gehad? --- Baie moeilikheid.

Wat was die moeilikheid? --- Anders gooi met die klippers, die nag.

--- Het ---

Het daar mense daardie oggend na die werk-toe
gegaan? ---Nee. Hulle was voorgekeer.

Deur wie? --- Die ander klomp.

DIE VOORSITTER: Wie was die "ander klomp"?
--- Die klomp wat in die strate gestaan het.

VERHOOR HEEVAT: Wie was nou die voorbokke daar?
---Nee, ek ken nie die voormanne nie.

Was dit ou mense gewees, ou mans? ---Nee, dit
was net pure jongspanners.

Het julle die hele nag so deurgegaan? --- Ja;
die hele nag.

Tot die anderdagsre? --- Tot die anderdagsre
toe.

Toe was daar nog sulke klompies-klompies? ---
Toe word dit net erger en erger.

Het jy later na die Polisiestasie gegaan? ---
Ons is na die Polisiestasie so halftwaalf.

Wat het julle al die tyd gemaak? ---Ons was
nog hier in die strate, die groot straat in Sharpeville.

Wie was die bevelvoerende offisier? --- Dit
was maj. van Zyl.

Was jy onder sy bevel? ---Ja; ek was saam met
hom.

En was daar in die groot straat moeilikheid?
---Ons het groot moeilikheid daar gehad.

Wat was die groot moeilikheid daar? --- Die
majoor het gesê, eerste, hulle moet huistoe gaan, die
mense los, die wat wil werk-toe gaan. Nee, dan skree
hulle erg - dan skree hulle, dan skree hulle. Na dit,
toe vat hulle die frangasj, dan gooi hulle dit so tussen

die mense daar in. Nee, dat die traangas nou net klaar is, toe begin hulle nou klippers gooi. Toe sê die majoor ook, "Jaag hulle uitmekaar uit, weer". Dan jaag ons hulle daar uitmekaar uit. Na dit, gaan ons 'n bietjie vorentoe. As ons vorentoe kom, is die ander agter. Dan is ons weer in die middel; toe is ander voor, ander agter.

So julle het hulle eers teruggedruk, soos ek jou verstaan? ---Ja.

Toe gee hulle pad na die kante-toe? ---Ja.

Toe is hulle later voor julle, en agter julle? ---Ja; en agter ons. Toe sê die majoor weer, "Die wat agter is, jaag hulle 'n bietjie weer weg". Toe jaag ons hulle weer weg. Dit het so aangehou. Toe is ons weer terug by dieselfde plek, dan kom hulle weer.

Het hulle daar ook klippe gegooi? ---Ja.
Hulle het daar ook klippe gegooi.

Het julle gewere gebruik, rewolwers? ---Nee; ons dra nie rewolwers nie.

Het julle gladnie geskiet nie? Ek praat nou van die tydperk in die lokasie voordat julle by die Polisiestasie gekom het. Was daar geskiet gewees? --- Daar is net so geskiet in die lug, en hulle 'n bietjie skrik te maak.

Die Polisie? ---Ja.

En die Bantoes, het hulle ook geskiet? ---Nee; ek het nie gehoor nie.

Tussen die klomp wat julle so gevind het, was daar vrouens, ook? ---Ja; die meeste was kinders.

En wat van die kinders? --- Hulle skree ook, hierdie opgeskote spanne ook. Hulle bly net, as die

Polisiemanne kom, sê, "Ja, julle is honde, julle; julle is honde, julle! Julle is honde!" Ja.

En die vrouens? — Die vrouens ook. Hulle skree ook, "Afrika!" "Afrika!" "Inse Lethu!"; "Inse Lethu!"

Wat meen dit? — Hulle sê dit is hulle se wêreld.

Was jy by die Polisiestasie toe daar geskiet was? — Ja; ek was daar by die Polisiestasie.

Het wie het jy saam gegaan sehoentoe? — Ek ken nie meer die kaptein saam met wie ek gewes het nie. Toe was die majoor nie saam met ons nie; toe was ons saam met die kaptein. Die eerste kaptein wat gekom het in Sharpeville.

Vertel aan ons hoe het dinge daar gelyk vir jou? — O, daar was nou rêrig moeilikheid daar ook. Toe staan hulle nou daar, voor ons, "Ja, julle blêrrie honde, man! Julle is maar niks nie, julle nie". Toe sê die kaptein, "Ah, just ignore them! Just ignore them!" Dit bly net, "Aan, julle is honde!" Agter dit, is dit nou weer 'n praterij. Toe gaan die groot ding verby. Ek weet nie wat is hom naam nie — die ...

Waar; in die lug, of op die grond? — Nee, die saracen. Toe gaan hy verby. Aan, toe skree hulle en skree hulle. Agterna toe gaan die saracen toe staan hy daar in die hoek in. Toe sien ek die bondel gaan algaar na die hoek-toe, nou, daar voor die Polisiestasie, nou. Toe hulle daar kom — ek weet nie wie het gepraat daar nie; ons het so'n bietjie hiernatêe gestaan. Hy praat daar so met die hande — as hy nou so praat, dit gaan nou net erg, erg, erg, die skree-ery.

DIE VOORSITTEK:

/Wie is dit wat gepraat het; was dit 'n blanke man, of ...? --- Nee, dit was 'n blanke. Ek weet nie - een van die offisiere wat gepraat het, daar.

VERHOOR HERVAT: Wat het hy gepraat? --- Ek kon nie gehoor het nie. Ek was nie daar nie. Ek het net die hande gesien, hy praat daar so net die hande en so aan. Hulle lê daar so teen die fence, daarso. Dan skree hulle daar. Verder net, toe sien ek net hulle gaan agter-toe. Dat ek net 'n bietjie so gekyk het, toe hoor ek dit gaan krrrrrr gaan die gastera aan.

Wat gaan so? --- Ek weet nie - die geskieter; ek weet nie waar kan die geskieter uit nie - daar in die hoek.

En toe? ---Nee, agterna toe was dit klaar, net die skietery.

Waar was jy gewees? --- Ek was daar in die hoek in, nog.

Watter hoek? --- As die Polisie-stasie seën-toe kyk, ek was by die linkerkant van die straat.

DIE VOORSITTEK: As ons aan jou'n foto wys van die Polisie-stasie en die strate, sal jy dit kan kry? ---Ja.

Kyk na Bewysstuk "B" en sien of jy vir ons kan wys? --- Ek was hier.

O, die Suid-Oostelike hoek van die Polisie-stasie.

VERHOOR HERVAT: Jy weet waar die groot hek inkom, nê? ---Ja.

As jy binne die Polisie-gronde staan en jy kyk na die hek-toe - was jy daar gewees? ---Nee; nie by

die groot hek se kant-toe nie.

Asn die ander kant is daar 'n klein hekkie? ---
Daar is nie 'n hek op my kant nie.

DIE VOORSITTER: Ken jy vir Zwane-straat? ---
Ja; ek was hierdie kant - ek was nie daardie kant nie.

Ken jy vir Zwane-straat? ---Ja.

Hou, as jy van Zwane-straat af kom, kan jy
deur 'n klein hekkie gaan en voor by die Polisie-stasie
in te gaan? ---Ja.

Waar was jy gewees, as jy nou dink aan daardie
klein hekkie waar die mense ingaan as hulle wil na die
Polisie gaan? --- Ek was hierdie kant van die klein
hekkie - die kant-toe.

As jy nou na die hek staan en kyk, was jy
links van die hek gewees, of regs? --- Ek was links
van die hek af.

Aan die Suid-Oostelike kant van die Polisie-
stasie.

VERHOOR HERVAT: Waar jy gestaan het, was
daar ander nie-blanke Polisie? ---Ja; daar was.

Was daar blanke Polisie met gewere ook? ---
Ja, daar was ook, met gewere.

Toedie skietery plaasvind, is daar ook
geskiet, of nie? ---Nee, daar was nie skietery wat ek
gehoor het nie. Ja, ja, hier was ook 'n skietery
hierdie kant. Want daar was 'n kleintjie net so'n
draad in die hand in, wat net hier so voor ons geval
het. So'n klein seuntjie met die draad in die hand.

DIE VOORSITTER: Was dit nou in Zwane-straat?
---Ja; in Zwane-straat, voor ons.

--- VERHOOR HERVAT ---

D. MARPINE
HOOGSCHOLE

VERHOOR HERVAT: Voor die skietery plaasgevind het, hoe het dinge vir jou gelyk, daar? --- Soos ek gesien het, lyk dit my lewe was in lelike moeilikheid. My lewe, soos ek uitgevind het, sal ek sê, "Nee, vandag is vandag". Ek sal sê "Nee, daar is moeilikheid vandag". Dit het na 'n bietjie trouble vir my daardie dag gelyk.

DIE VOORSITTER: Was jy bang? --- Ja, ek was bang.

Vir watter? --- Die mense bly net hier kom nader en ons het niks revolver of niks nie; ons word agter gesit, die blankes is voor en daar is nog mense agter, ook. Toe sê ek nêe, as daardies van agter af kom, nou, en kyk net die mense voor.

- VREDAAG: 4.00 N.M. -
tot 3 Mei 1960 om
9.45 V.M.